

Inhoud Hierdie preek wys hoe Jesus Christus Homself as die Here openbaar van Jesaja 6: 6 – 8, wie Hom vir geestelikes hul afgod laat wees terwyl Hy vir sy kinders Here en God is, Wie die Here hul geestelike maatjie maak, het van Hom 'n afgod gemaak wie hulle as God wil stil hou. Dit is wat geestelikes met die Here Jesus doen wanneer hulle van Hom hul bekerings – en doopsmaatjie maak. Hulle maak Hom die afgod wie hulle Hom in hulle lewe wil hê. Vir hulle laat die Here Hom hul afgod wees, sodat hulle hul nie tot Hom as die Here wat vir hulle as mens gely en uit die dood uit opgestaan het, kan bekeer nie. Sy kinders hou die Here só in sy liefde vas dat hulle hul altyd tot Hom as Here en God in aanbidding bekeer.

Skriflesing Esegïel 14: 4 – 11; Jesaja 6: 8 – 13; Joh. 9: 35 – 41.

Teks Esegïel 14: 4 “Wanneer 'n Israeliet waarde heg aan afgode en so in sonde verval is dat hy net ag gee op sy afgode, en hy kom na 'n profeet toe, sal Ek die Here met hom praat soos dit by sy afgodery pas.

Tema Christus hou gelowiges vas in sy liefde en ongelowiges in hul afgodsdien.

1. Die kinders!

Wat dink julle is die ergste dink wat 'n pa of ma met julle kan doen? Dit is nie om julle onregverdig te behandel of julle 'n pak slae te gee nie. Dit is heeltemal iets anders. Dit is om vir jou die maatjie te wees wat jy van hulle probeer maak.

Daar is 'n groot verskil tussen om met 'n pa en ma te speel en om jou pa en ma jou maatjies te maak. Dit is goed en reg wanneer ouers met hul kinders speel as ouers. Want hulle bly jou ouers wat met jou as hul kind tyd saam deurbring.

Om van jou ouers maatjies te maak, is heeltemal iets anders. Dan wil jy hê dat jy met hulle kan praat, kan stry en baklei soos met jy met maatjies maak. Dan maak jy ook asof as hulle met jou praat is dit soos maatjies met jou praat: dit is somer net saam gesels, saampraat en saamkuier sonder dat een vir die ander kan sê wat om te doen en jy dan gehoorsaam moet wees.

Kinders wat ouers maatjies maak, wil nie meer liefde volle en gehoorsmae kinders wees nie!

Nou wat is die ergste ding wat 'n ouer met 'n kind kan doen? Dit is om wanneer 'n kind maak asof sy pa of ma sy maatjie is, dat hulle besluit hulle gaan jou maatjie wees, nie meer jou ouers nie.

Hoekom is dit so erg? Want die enigste twee mense wat vir jou jou regte ouers is, het besluit hulle is nie meer jou ouers nie. Hulle is nou net nog maatjies. Wanneer

hulle dit besluit, het jy nie meer ouers nie. Dan is jy 'n weeskind wie se ouers jou 'n weeskind laat wees terwyl hulle by jou is.

2. Kyk wat sê die Here vir die ongelowige Israeliete: “4 “Wanneer 'n Israeliet waarde heg aan afgode en so in sonde verval is dat hy net ag gee op sy afgode, en hy kom na 'n profeet toe, sal Ek die Here met hom praat soos dit by sy afgodery pas.” Hierdie sin beteken dat wanneer mense van God hul maatjie maak en nie meer as hul Vader eer nie, dan sal God besluit om hul maatjie te wees en nie meer hulle God te wees nie.

Dit is regtig die ergste ding wat met 'n mens kan gebeur!

Dit is die diepte van God se oordeel oor die ongelowige Israel wat God aankondig in sy roeping van Jesaja as predikant. Jesaja moet God se verbondsverhouding met Israel gaan preek vir die Israeliete, maar terwyl hy gaan preek, gaan God hulle so vashou in hulle afgodsdienste, dat hulle nie tot bekering sal kan kom nie.

Ons sukkel om te hoor wat die Here hier vir Jesaja sê! Ons dink só! Wanneer jy tot bekering kom sal die Here jou vergewe. Daarom dink ons die Here sê vir Jesaja dat hy moet gaan preek en dan sal die mense tot bekering kom. dit is glad nie wat hier staan nie.

Hier staan dat hy moet gaan preek maar God gaan die Israeliete so vashou in hul disfunksionele verhouding met God, dat al preek hy sal god nie toelaat dat hul tot bekering kom nie. God gaan maak dat hulle nie die verbondsgenade van God kan hoor wat Jesaja gaan preek nie.

3. Hoe doen God dit?

Hoe bind hy mense so vas in hulle onbekeerdheid dat hulle hul nie skaam oor hul sonde, nie jammer is oor hul sonde nie, nie wil wegvlug van hul sonde nie maar sonde net wil goed praat as iets wat nie verkeerd is, maar eintlik net ware liefde is?

Die manier waarop God dit doen, is om te besluit hy sal die maatjie wees wat mense Hom maak en nie vir hulle God wees soos Hy is nie. Dit is die woorde van die profeet Ezechiël “As julle na 'n predikant toe kom om na hom te luister, sal ek deur hierdie predikant vir julle die afgod wees wat julle van My maak!

Hoekom doen God dit?

Ezechiël stel dit baie duidelik! Want die Israeliete is so verval binne die afgodery dat hulle net aan afgode waarde heg, maar aan God wie God is geen waarde heg nie. Hulle wil God kom raadpleeg asof Hy net nog 'n afgod is!

Dit is hoekom God dan besluit dat as jy wil hê God moet vir jou 'n afgod wees, dan sal Hy vir jou die afgod wees wat jy wil hê hy moet wees as jy na Hom kom om Ho te raadpleeg, te loof, te aanbid en te dien!

As jy van God 'n maatjie wil maak omdat jy nie wil hê hy moet god wees soos Hy God is nie, dan sal Hy vir jou jou maatjie, jou afgod wees.

4. In Psalm 115 verse 2 – 8 wys God hoe werk mense se afgode!

Hulle maak gode op uit hulle koppe en met hulle hande beelde van hierdie gode en dan moet hierdie afgod só werk:

Hy het 'n mond maar sê niks nie, het oë maar sien niks nie, het ore maar hoor niks nie, het 'n neus maar is van niks bewus nie, het hande wat niks kan voel nie, en voete waarmee hulle nêrens kan gaan nie. En wie sulke gode maak sal nes hul gode word!

Dit is hoe mense 'n disfunksionele verhouding met God wil hê: Hy moet 'n woord hê wat niks vir hulle sê nie, Hy moet met hulle wees maar niks wat hulle verkeerd doen raaksien nie, moet vir hulle daar wees maar niks hoor wat hulle verkeerd doen nie, moet teenwoordig wees maar nie weet van hul sonde nie, moet mense kom red en help maar niks aan hulle sondigheid doen nie!

Dit is hoe mense hulle tot God wil bekeer! Hulle wil na God toe draai en voor Hom sondig wees sonder dat Hy daaroor kan praat, dit kan sien, dit kan hoor of iets daaraan kan doen.

So maak hulle God die God tot wie hulle bekeer sodat Hy in hul sondige begeertes kan inpas sonder om dit te sien, te hoor iets daaroor te sê en iets daaraan te doen.

5. Hoe word Christus vir mense wat so tot God wil bekeer, die afgod wat hulle glo Hy is?

Die Here stel dit self in Johannes deur presies net na hierdie gedeeltes in die profete te verwys: “Ek het na hierdie wêreld gekom met die oog op 'n beslissing, sodat dié wat nie sien nie, kan sien en die wat sien, kan blind wees. ... “As julle blind was, sou julle nie skuldig gewees het nie; maar nou sê julle: “ons sien.” Daarom bly julle skuldig.” (9: 39, 41)

Wat sien hulle nie?

Dit gaan oor die Here wat 'n man wat as kind blind gebore was, en wie die Here sy blindheid weg geneem het sodat hy kan sien. Die man wat van sy blindheid genees

was, het die die Fariseërs gesê: “Van ewigheid af is daar nog nooit gehoor dat iemand die oë van een wat blind gebore is, genees het nie.”

Toe Jesus vir hierdie man sê, Hy is die Christus, het hierdie man wat genees is Christus as God aanbid. (Joh. 9: 38) Om Christus as God te sien en te aanbid, is hoe jy God sien en hoor, want Hy is God wat mens geword het om ons sonde weg te neem.

Die Fariseërs sien nie dat die Here Jesus self God is, self die Skepper deur wie alles tot stand gekom het nie. Hulle wil Hom sien as nog 'n leermeester van Moses se wet.

God openbaar Homself as die Seun wat in ons plek mens word om al ons sondes op Hom te neem sodat ons God weer sonder enige oordeel of skuld kan aanbid. Wat maak die Fariseërs van God. Hulle maak van Jesus een van hulle maatjies: hy moet soos hulle leermeesters van die wet wees. En omdat Hy op 'n Sabbatdag as God 'n blinde laat sien, is hy 'n slegte maatjie, want die maatjies het besluit hulle bende gaan niks op 'n Sabbat dag doen nie.

6. So word die Christus vir hulle die afgod wat hulle van God wil maak: die Christus gaan een van hulle maatjies wees en soos hulle die grootste leermeester van die wet wees. Jesus Christus wat God is, los hulle om in hulle Christus wie net 'n afgod is, te glo soos hulle wil.

Jesus moes hulle maatjie wees wat nie blinde mense op 'n Sabbat genees nie. Met hulle selfopgemaakte geestelike reëls en regulasies waarmee hulle God stil en tevrede hou, het Hy niks te sê, niks te hoor, niks te doen en niks verder te weet van die Sabbat as wat hulle vir Hom sal voorhou nie. Jesus moes vir hulle die Christus wees om God met hulle geestelike reëls die stil God te hou, nie die Een wat hulpelose mense raaksien, hulle nood aanvoel, hulle versugtinge hoor, na hulle gaan en hulle aanraak en genees nie

Met hierdie afgodsbeeld in hulle oor God, sien hulle nie wie is Jesus Christus nie: God wat mens geword het om die sondaar te wees wat vir sondaars as offerlam instaan nie (Joh. 1:14, 29). Christus is God wat deur die geneesde blinde as God aanbid word (Joh. 9: 38), nes Tomas die Here wat uit die dood uit opgestaan het as Here en God aanbid het. (Joh. 20: 28)

Deur die Fariseërs te los in hul oortuiging hulle is nie geestelik blind in die drif om God net nog 'n afgod te laat wees nie, die stil god voor hulle eie geestelike reëls, bly hulle skuldig teen die Christus wie vir hulle die Lam kon gewees het, God wat vir hul sonde self die offer word. (Joh. 9: 40, 41)

So is Christus vir hulle die afgod wat hulle wil hê. Deur hul te los om 'n Christus as hul maatjie te wil hê, is Hy, Jesus, vir hulle nie die Christus nie.

7. Hierdie verhouding met 'n Christus wat jou maatjie is, en waarin die Here Jesus Christus jou los, is hoe God maak dat jy nie tot bekering kán kom nie. Dit is hoe God die evangelie van Jesus Christus deur sy kerk laat verkondig, maar hulle 'n Chrsitusmaatjie wil hê, hoor maar niks verstaan van die Here Jesus Christus wat verkondig word nie, en waar hulle kyk na die Here Jesus Christus wat verkondig word wat uit die maagd Maria gebore is, gely het onder Pontius Pilatus, gekruisig is, gesterf het, begrawe is, ter helle neergedaal het, uit die dood as mens weer lewend opgestaan het, opgevaar het na die hemel en sit aan die regterhand van God, maar net niks sien van wie hierdie Christus is nie.

Die Here Jesus self stel Jesaja 6: 10 as die wyse waarop Hy as Christus vir ongelowiges die afgod sal wees wie hulle Hom, en feitlik elke skrywe van die Nuwe Testament haal die Here hieroor aan of stel dit self as rede vir mense se onbekeerdheid: “Verder het Hy vir my gesê: “Maak hierdie volk traag van begrip, maak hulle ore doof en hul oë blind sodat hulle nie met hulle oë kan sien, met hulle ore kan hoor, en met hulle verstand begryp en hulle bekeer en genees word nie.” (Mat. 13: 14 – 17; Mark 4: 10 – 12; Luk. 8: 16 – 18; Joh. 9: 35 – 41; Hand. 28: 25 – 29)

Só maak Here Jesus dat jy nie tot bekering kan kom en bind Hy jou binne jou sonde vas – deur nie hom te ken en te vertrou as die Christus nie, maar jou oor te gee aan die valse Christusse van hierdie wêreld.

8. Waar vind hierdie magsdaad van die Here vandag plaas dat wanneer hulle na predikers toe kom, Hy vir mense die afgod is wie mense Hom laat wees?

Dit is waar die geestelikes van hierdie wêreld Jesus hulle bekeringsmaatjie en doopmaatjie maak! In hierdie geestelikheid hierdie geestelikheid laat die Here Jesus Hom die afgod maak wat maak dat mense hulle nie tot Hom as die Christus kan bekeer nie.

Kom ons toets saam hierdie maatjiegodsdiens wat van dag in kerke gepreek word!

“Ek het soos Jesus tot bekering gekom!”

Dit is die waansinnige geestelikheid waarvan mense vandag getuies wil wees: hulle het soos Jesus tot bekering gekom. Kan u die absurditeit van hierdie sogenaamde bekering hoor! Waar en hoe het Jesus tot bekering gekom? Hy was en is die heilige, regverdige en onskuldige mens van geboorte af en terselfdertyd die Skepper! Vir wat en hoe moes Hy tot bekering kom?

Hulle getuienis hoe Jesus hulle bekeringsmaatjie is klink só: “Net soos Jesus met sy lyding, kruisiging en dood sy menslikheid verniel en doodgemaak het, net so het ek

my eie lewe verwerp, my eie-ek doodgemaak, my eie wil gekruisig. Net soos Jesus toe as 'n goddelike mens opgestaan het, net so het ek my alles aan die Here oorgegee om niks te wees sodat God in my lewe ingekom het, die beheer van my lewe oorgeneem het en nou sy goddelike krag en lewe deur my uitleef, net soos met Jesus.

Só is Jesus my bekeringsmaatjie! Ek het myself bekeer soos Hy hom van sy menswees weggekeer het om 'n goddelike wese te word.

“Ek het toe daarna vir Jesus my doopmaatjie gemaak!”

Want net soos Jesus in die graf ingegaan het en sy menswees agtergelos het, net so het ek my self niks gemaak vir God en net soos Jesus as goddelike gees opgestaan het, net so het God se goddelike Gees in my opgestaan, en dit is hoe Jesus gedoop was en ek nou ook saam met Hom in hierdie doop gedoop is!

9. Die Here Jesus Christus is volgens Homself God wat volgens Jesaja hierdie geestelikes traag van begrip maak, hulle ore doof maak, hulle oë blind maak sodat hulle nie die Here Jesus as die Christus kan hoor, sien of begryp en nie tot Hom kan bekeer nie!

Na wie toe het hierdie Jesus bekeringsmaatjies en doopmaatjies hulle nie bekeer nie, en sal hulle waarskynlik hulle nooit weer toe kan bekeer nie?

Hulle kan hulle nie meer bekeer na die Here wat nie soos hulle bekeer het en Hom soos hulle laat doop het nie!

Jesus is die Christus wie self Skepper is met die Vader en Gees, nie 'n goddelike gees is nie. (Joh. 1: 1 – 3) Jesus is die Christus wie self vandag nog steeds 'n mens van vleis en bloed is, wat nie deur sy dood 'n goddelike gees geword het nie maar God wat met ons mens is terwyl Hy met ons God is. (Joh. 1:14) Jesus het nêrens sy menslikheid afgelê of agtergelos om 'n goddelike gees te word nie.

God het mens geword en bly vir altyd mens in Christus om deur sy lyding vir ons vir altyd die veroordeelde, vervloekte, gestrafte en verwerpte mens te wees wie ons voor God moes wees. Hierin is en kan ons nooit Jesus se maatjies wees nie. Dit is Hy alleen vir ons!

Deur sy opstanding as mens uit die dood om vir ewig as mens te leef, het Hy vir ons die onskuldige, heilige en regverdige mens geword wat ons ook nooit self kan wees nie. Hierin kan ons ook nie sy maatjies wees nie, maar mense wie deur Hom as God hierby ingesluit word.

Jesus is gedoop om vir ons die onskuldige mens te wees wat veroordeel is, sodat ons sonde kan wees wat sonde doen, en deur Hom nie meer vir ons sondes veroordeel word nie, maar in God se liefde ingesluit word. (1 Joh. 4: 10, 16 – 18)
Jesus is nie gedoop omdat Hy tot bekering gekom het nie. Hy wat niks gedoen het waarvoor Hy tot bekering hoef te gekom het nie, is in ons plek veroordeel sodat ons tot hom toe kan keer as ons Here en God. Ons kom nie saam met hom met sy bekering tot bekering nie. Ons bekeer ons tot Hom as Here en God.

10. Wie van Jesus hulle bekerings- en doopmaatjie maak, vir hulle sal Jesus Christus die Here die afgod wees wie hulle Hom maak, sodat hulle hul self nooit kan bekeer tot Hom wat Here en God en vir hulle die Christus is nie!

Wie soos Jesus tot bekering gekom het en gedoop is, vir Hom sal die Here Jesus Christus die stil afgod word wie predikers van sy evangelie sal stuur sodat hulle niks kan hoor waarna hulle luister nie en niks kan begryp wat hulle sien nie.

Die Here sal predikers laat preek dat Hy die Christus is wat my sy lyding en opstanding doen wat hulle nie kan doen nie, en hulle sal niks hoor of begryp, maar hoor en begryp Jesus is hul bekeringsmaatjie!

Die Here sal predikers gelowiges en hul kinders laat verseël met 'n doop wat wys dat god hulle insluit en laat deel in wat hulle nooit self kan doen en wes nie, en hulle sal niks hoor of verstaan nie, maar net hoor en voel dat hulle doop wys hulle het soos Jesus tot bekering gekom.

Want dit is hoe hulle die Here Jesus wat as Christus gely en opgestaan het uit die dood wil hê: Hy moet niks meer sê, sien, hoor, voel en doen nie, as wie hulle Hom as hul geestelike maatjie wil hê nie. Hulle wil Jesus Christus só hê: Ek kan niks meer van sonde in sy Woord hoor nie, Ek wil Hom nie as God by my hê nie, Ek wil nie sy redding en verlossing ontvang nie, Hy moet my geestelike maatjie wees – saam met my goddelik en spiritueel wees!

Hulle staan nie met hierdie geestelikheid teenoor Jesus en maak Hom wie hulle Hom wil hê nie. Die Here Jesus het in homself besluit en voer dit só uit: Hy is vir hulle die afgod wie hulle Hom wil hê en só sorg Hy dat hulle hul nooit tot Hom wat Here en God is sal kan bekeer nie. Hy sal hul geestelike maatjie wees terwyl Hy Homself as Here en God vir hulle afwesig maak.

Hulle sal nie God se kinders nie, maar God se weeskinders in God se teenwoordigheid wees: Hy wat mens geword het om God met hulle te wees!

11. Luister na hierdie allersnaakste beskuldiging van hierdie predikers en geestelikes teen ons: Julle is nie werklik kinders van die Here nie, want Jesus is nie julle maatjie nie!

Wat is fout met hierdie beskuldiging?

Die kinders! Julle kan mos sommer dadelik hoor met hierdie beskuldiging teen ons is daar sommer net so op die oor af 'n verskriklike fout!

Dit kan mos nooit só werk nie! Dit kan mos nooit so werk dat jou ouers nie regtig jou ouers is nie omdat hulle nog nie jou maatjies is nie! Dan moet dit mos só werk: hulle en jy moet eers maatjies wees voor hulle jou ouers kan wees! Dit is mos sommer net verskriklik verkeerd om so iets te sê! Want dit werk presies net anders om! Wanneer hulle besluit om jou maatjie te wees, maak hulle van jou 'n weeskind wat saam met die enigste twee mense wie jou pa en ma moes wees, moet leef as weeskind! Want deur jou maatjie te wees doen hulle die verskriklike ding om nie meer vir jou ouers te wees nie!

Net So! Dit kan mos nie waar wees dat iemand vir jou sê, Jesus kan nie vir jou Here en God wees, voor jy nie Hom jou bekerings en doopmaatjie maak, wat soos Hy tot bekering kom en gedoop word nie! Wanneer jy Jesus jou bekerings- en doopsmaatjie maak, dan sal jy nooit weer tot Hom as Here en God kan bekeer nie, want jou maatjie kan nooit jou Here en jou God wees nie.

12. Ons is nie die Here se weeskinders nie! Ons is sy kinders omdat Jesus vir ons die Christus is wat vir ons gedoen het waarin ons nooit sy maatjie kan wees nie! Hy het onskuldig die offer vir ons sonde geword sodat god se onskuldige kinders kan wees.

Ons is kinders van God! Die Here Jesus Christus het vir ons mens geword om al ons sondes weg te vat, sodat ons Hom as Here en God kan aanbid, nie saam met Hom tot bekering kan kom nie.

Ons kom nie saam met hom tot bekering nie, ons bekeer ons van ons sonde na Hom toe om vir ons God te wees wie met ons praat, wie ons hoor in ons nood, wie ons raaksien in ons hulpeloosheid, wie in Christus na ons gekom het om ons te help!

Die Here Jesus Christus hou ons só in sy liefde vas, dat ons Hom kan hoor en verstaan en Hom kan sien as ons Here en God en kan begryp dat ons Hom kan aanbid.

Ons is die Here se kinders wat Hy in sy liefde vashou, nie geestelike weeskinders wat Hy in hul sonde vashou nie!